

11

JOSEF

God is altyd by my

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet glo dat God altyd by sy kinders is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God was met Josef toe dit met hom goed en toe dit met hom sleg gegaan het.
- God is onder alle omstandighede by sy kinders.
- wat om te doen as dit goed gaan.
- wat om te doen as dit sleg gaan.

Gesindheid

Die kinders moet –

- altyd op die Here vertrou.
- die Here altyd prys vir sy teenwoordigheid.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om te vertel hoe God onder alle omstandighede met Josef was.
- om voorbeelde te noem van toe die Here onder slegte omstandighede met hulle was.

MEER INLIGTING (Genesis 37-46)

Josef, 'n seun van 'n man met die naam Jakob, was baie gelukkig in sy ouerhuis. Ongelukkig het sy pa hom bo sy broers voorgetrek. Hy het ook stories oor sy broers by hul pa aangedra. Hy het mooier klere as hulle gekry en het waarskynlik nie so hard soos hulle gewerk nie. Van jongs af het Josef drome gedroom wat sy familie, veral sy broers, baie kwaad gemaak het. Hy het gedroom sy broers se koringgerwe buig voor sy gerf, en die son, maan en elf sterre buig

ook voor hom. Sy broers het nie verstaan dat dit drome is wat iets oor die toekoms vir hulle gesê het nie. Hulle het gedink Josef is hoogmoedig en wil oor hulle heers. Josef se pa, Jakob, het aan die drome bly dink.

Op 'n dag toe Josef vir sy broers kos vat waar hulle in die veld vee opgepas het, het hulle besluit om hom dood te maak. Hulle het sy mooi klere van sy lyf afgeskeur. Een van die broers het gesê hulle moet hom eerder in 'n put gooi. Hulle het besluit om hom nie dood te maak nie en hom net in die put te gooi. Die broer wat dit voorgestel het, wou Josef stillertjies in die nag uithaal en na hul pa terugstuur.

Voor dit kon gebeur, kom daar toe handelaars verby, mense wat goed gekoop en verkoop het, en op voorstel van een van die broers verkoop hulle toe vir Josef aan die handelaars as 'n slaaf. Maar nou het hulle 'n probleem. Wat gaan hulle vir hul pa sê as hulle sonder sy geliefde seun by die huis aankom? Hulle gryp toe 'n boklam en slag dit. Hulle smeer die bloed van die boklam aan die spesiale rok wat Jakob vir Josef gemaak het, sodat hul pa moes dink dat 'n wilde dier hom doodgemaak het. Jakob was baie hartseer daaroor.

Die handelaars het Josef aan Potifar verkoop. Potifar was 'n belangrike amptenaar van die farao, die koning van Egipte. Potifar se vrou wou sonde doen met Josef, sy wou hom verlei en hom verkeerde dinge laat doen. Die Here het Josef gehelp om dit nie te doen nie. Potifar se vrou het allerhande valse klagtes teen Josef ingebring, en so beland Josef onregverdig in die tronk. Daar in die tronk het Josef ander gevangenes se drome uitgelê. Later het hy ook die farao se drome uitgelê. Hy het vir die farao gesê dat daar eers sewe goeie jare sal wees waarin die mense goeie oeste sal hê, maar dan sal daar sewe jare van groot hongersnood kom, en daar sal nie meer kos wees nie.

Die farao het Josef uit die tronk laat kom en hom die onderkoning van Egipte gemaak. Josef moes slim planne uitdink om gedurende die goeie jare genoeg kos bymekaar te maak.

Josef se broers het ook Egipte toe gekom om te kom kos koop. Josef, wat die onderkoning was, het hom aan hulle bekend gemaak. Hy het hulle teruggestuur om sy pa en sy hele familie te gaan haal en na Egipte te bring.

Al het Josef baie slegte dinge beleef en baie swaargekry nadat sy broers hom beetgekry het, het die Here sy swaarkry omgedraai, hom wonderlik geseën en die hele wêreld deur hom van hongersnood gered.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Twee tydskrifprente, een van 'n vrolike gesig en een van 'n hartseer gesig.
- 'n Kinderbybel met 'n prent van waar Josef verkoop word.

KOM ONS BEGIN

Sing of lees Gesang 509: 1, en open dan met gebed.

*Op berge en in dale en oral is my God;
waar ons ook telkemale mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe – ja, oral is my God!*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die volgende tuis gaan doen het:

- Hul collage met hul ouers se toestemming iewers opgeplak het.
- Laat hulle vir die klas vertel hoe hulle hul gawes gebruik het gedurende die week wat verby is.
- Laat 'n paar kinders noem watter weggesteekte gawes hulle in hul boeke omkring het. (Hier word nie net gawes genoem nie, maar ook talente.) (*SING, DANS, TROOS, HELP, VERTEL, LEER, DEEL, LEIER*)
- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord en help hulle reg waar nodig:
 - Wie gee vir ons gawes en talente? (*God.*)
 - Wat moet ek met hierdie gawes en talente doen? (*God en my medemens dien.*)
 - Wat is die spesiale talent wat God vir my gegee het? (*Elke kind besluit self.*)
 - Is iemand anders beter as ek as hy of sy iets anders as ek kan doen? (*Nee, die Here gee vir ons gawes en talente wat verskil.*)
 - Wat gaan ek hierdie week met my talente doen? (*Elke kind besluit self.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons gaan vandag praat oor die Here wat slegte dinge in iemand se lewe verander het tot die grootste geluk en voordeel vir die wêreld.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo om die geskiedenis van Josef te vertel.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Die volgende slegte dinge het met Josef gebeur:
 - Sy pa het hom voorgetrek.
 - Hy het drome gedroom wat sy broers kwaad gemaak het.
 - Daaroor wou hulle hom doodmaak.
 - Hulle gooi hom in 'n put, maar verkoop hom later aan handelaars.
 - Sy eienaar se vrou probeer om hom te verlei.
 - Hy beland in die tronk.
- Die volgende goeie dinge het met Josef gebeur:
 - Die Here het altyd by hom gebly.
 - Die Here maak hom onderkoning van Egipte.
 - Dit laat hom die hele wêreld van hongersnood red.
 - Hy vergewe sy broers oor hulle hom vroeër gehaat het.
- Die Here het Josef se swaarkry omgedraai, hom wonderlik geseën en die hele wêreld deur hom van hongersnood gered.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle hul Bybels oopmaak by Psalm 23: 4 – help hulle as hulle sukkel.
- Lees Psalm 23: 4 saam met hulle: *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.* Laat hulle dit 'n paar keer hardop herhaal. (Verduidelik dat donker dieptes moeilike hartseertye is.)
- Vra of hulle saamstem dat die Here, soos Psalm 23: 4 sê, in moeilike tye ook saam met Josef was.
- Wys die vrolike gesig vir die klas. Laat hulle gebeure opnoem wat hulle bly, opgewonde en gelukkig maak:
 - Vakansie.
 - Partytjie hou.
 - Ouma en Oupa kom kuier.
 - Die Here se liefde.
- Wys nou die hartseer gesig. Laat hulle gebeure noem wat hulle hartseer maak.
 - As ek stout was en raas kry.
 - As ek van my fiets afval.
 - As my troeteldiertjie doodgaan of wegraak.
 - As ek siek is.
- Onthou:
 - Al die dinge wat ons gelukkig maak, kom van die Here af.
 - As daar slegte dinge kom, sal die Here dit op sy tyd verander.
- Plaas die twee gesiggies op die bord of teen die muur – een regs en een links van jou.
- Lees een van die sinne hieronder – die kinders dui aan of dit pas by die hartseer gesiggie of by die gelukkige gesiggie.
 - Jakob was baie lief vir Josef. (*Gelukkig.*)
 - Sy familie het hom gehaat en nie sy drome verstaan nie. (*Ongelukkig.*)
 - Sy broers het hom in die put gegooi. (*Ongelukkig.*)
 - Josef was onderkoning in Egipte. (*Gelukkig.*)
 - Josef beland in die tronk. (*Ongelukkig.*)
 - Sy pa en broers kom na Egipte om kos te koop. (*Gelukkig.*)

BY DIE HUIS

Doen


- Hulle moet dink aan wat in die klas gesê is en die blokkiesraaisel voltooi.

AF

- 1 God nooit.
- 2 God is altyd my.
- 3 God praat met my deur die

DWARS

- 3 Ek hoef nooit te wees nie.
- 4 Wanneer is God by my?
- 5 God laat nooit alleen nie.
- 6 Ek moet God altyd



- Hulle moet die sinne met een van die volgende woorde voltooi: *vertrou*, *dank*, *goeie*, *prys*.
 - God is in (*goeie*) en slegte tye by my.
 - Ek moet op God (*vertrou*), want Hy sien vooruit en stuur my lewe in die regte rigting.
 - Ek moet God altyd (*dank*) en (*prys*), omdat Hy my liefhet en altyd by my is.
- Hulle kan neerskryf hoe God hul gesin gehelp het toe hulle nood beleef het. Hulle kan hul ouers daarvoor gaan vra:

.....

.....

- Laat hulle die prent gaan inkleur.
- Hulle moet Psalm 23: 4 gaan leer: *Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.*
- Laat hulle die vrae vir die vasvrakompetisie gaan leer. Dit is by Les 12 in hul boeke.

AFSLUITING

Die kategeet bid en dank God veral vir sy sorg van elke dag.

Belangrik:

Beplan nou reeds of die wenners volgende week 'n prys gaan kry.